## GESKIEDENIS 'N VERPLIGTE VAK VIR ALLE LEERLINGE TOT BY STANDERD X

Dit is uiters noodsaaklik dat daar ernstig aandag gegee word aan die onrusbare verskynsel dat daar 'n vinnige daling is in die persentasie leerlinge wat Geskiedenis as 'n eksamenvak vir st. X aanbied. Die daling is noodlottig vir ons volk.

In 1953 het 63.6 persent van die matrikulante in Transvaal Geskiedenis in st. X bestudeer en in 1963 het hierdie getal gedaal na 52.1 persent. Dit is blykbaar die gemiddelde persentasie van die leerlinge wat die Universiteitstoelatingseksamen en die Skooleindeksamen geskrywe het. As die persentasie leerlinge in oënskou geneem word wat die twee eksamens afsonderlik geskrywe het, sal die getal nog anders wees. Daar sal 'n verdere groot verskil wees as die leerlinge van Afrikaansmedium-hoërskole en Engelsmedium-hoërskole afsonderlik bereken word, want daar is meer van laasgenoemde hoërskole waar Geskiedenis 'n verpligte eksamenvak vir st. X is, as wat die geval by Afrikaansmedium-hoërskole is. Dit sal interessant wees om laasgenoemde statistiek te sien want dit sal die erns van die toestand nog meer beklemtoon.

Hierdie daling in die persentasie matrikulante wat Geskiedenis as 'n eksamenvak aanbied, tree ook in die ander provinsies van die Republiek op die voorgrond. So het daar in 1940 in die Kaapprovinsie 82.8 persent van die matrikulante Geskiedenis as 'n eksamenvak aangebied, terwyl daar in 1963 slegs 54 persent was. In die Vrystaat het daar in 1963 slegs 56 persent van die matrikulante Geskiedenis as 'n eksamenvak aangebied. In Natal was die getal 45 persent en in Suidwes-Afrika 37 persent.

As dit in gedagte gehou word dat Geskiedenis net soos Bybelstudie en die Moedertaal (en ook die tweede landstaal) van fundamentele waarde is vir elke mens en veral vir die toekomstige landsburger, dan word die onheilspellende toestand van die daling van die persentasie leerlinge wat Geskiedenis in st. X bestudeer, 'n vraagstuk wat aan die fondament van ons volk se voortbestaan, verbrokkeling bevorder. Dit word 'n volksvraagstuk wat op 'n tragedie sal uitloop as dit nie betyds aandag ontvang en gestuit word nie.

Daar kan baie redes vir hierdie daling van die persentasie matrikulante wat Geskiedenis as eksamenvak aanbied, gevind word. Die vernaamste is seker die slagspreuk wat tydig en ontydig aangevoer word dat nie alle leerlinge aanleg of lus het om Geskiedenis te leer nie, veral nie tot by die matrikulasie-eksamen nie. Hierdie argument wat al holrug gery is, sal net soos 'n windballon bars as in gedagte gehou word dat daar in Transvaal en elders reeds etlike skole is waar Geskiedenis 'n verpligte vak tot by st. X is en dat die matrikulante sowel as hulle ouers, nie daaroor gekla of beswaar gemaak het nie. By dié skole vaar die leerlinge ook nie swakker as by ander skole waar daar so 'n groot vakkeuse is nie (soms onbillik teenoor Geskiedenis). Onlangs het prof.

P. S. du Toit, van die Stellenbosse Universiteit, statistiese bewys gelewer dat 'n groep van 500 matrikulante in Wiskunde en Geskiedenis nie noemenswaardige verskille in hulle persentasies getoon het nie. Dit geld vir elke prestasie-groep. Verder kan daarop gewys word dat die leerlinge wat in die afgelope paar jaar verdienstelikheidsbeurse vir die hoogste persentasie in Geskiedenis van die *Voortrekkerpers* ontvang het, A-simbole saam met die ander vyf of ses vakke behaal het. Elkeen van daardie leerlinge het in 'n wiskundige of 'n natuurwetenskaplike rigting verder studeer, maar in die matrikulasie-eksamen het Geskiedenis hulle nie gekortwiek nie.

Die vraag kan ook gestel word of dit opvoedkundig gesond is dat leerlinge op hulle eie en na gelang van hulle persoonlike keuse nou juis so 'n fundamentele beslissing moet neem om Geskiedenis as 'n st. X-eksamenvak uit te skakel. Soms ontvang hulle leiding by hulle vakkeuse wat nie in belang van hulle persoonlike vorming is nie sowel as 'n nadelige beslissing in belang van hulle Vaderland. Want Geskiedenis is nie alleen van groot waarde vir die indiwidu nie, maar dit stel elkeen in staat om die toestande van sy of haar tyd beter te verstaan soos dit uit die verlede ontwikkel het en die koers wat in die toekoms gevolg moet of sal word.

Daar is natuurlik die groot probleem wat die vereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad skep t.o.v. die vakke wat vrystelling tot die universiteit verleen. Die vraag kan egter gestel word of hierdie vereistes dan tot in lengte van dae in swang moet bly terwyl dit afkomstig is uit 'n tydperk toe studie -en landstoestande heeltemal anders was as die huidige lewenstoestande.

Kan die verpligte vakke tot by matrikulasie dan nie as die twee landstale en Geskiedenis gestel word nie omdat dit in belang van elke landsburger is en dan 'n verder vereiste volgens die studiekoers wat die student na matriek wil inslaan. As hy of sy in die natuurwetenskaplike rigting wil studeer dan moet die vakke Natuurwetenskap en Wiskunde, ens. in st. X bestudeer gewees het. Is die studiekoers tale, dan moet die leerling in matriek Duits of Latyn, ens. bestudeer het. Maar die basiese verpligte vakke is Afrikaans, Engels en Geskiedenis. En geen kind sal daardeur gekortwiek of in die verleentheid gestel word nie. Die ander drie of vier vakke bied dan nog voldoende vakkeuse.

Hierdie paar gedagtes kan afgesluit word met verwysing na die groot konferensie wat op 10 en 11 April op Stellenbosch gehou is in verband met Geskiedenis as skoolvak. Daar was oor die tweehonderd belangstellendes. Hulle was skoolhoofde, assistente, inspekteurs van onderwys, professore en ook leerkragte van privaatskole. Aan die end van die tweedaagse beraadslagings, waar baie aspekte van die onderrig van Geskiedenis behandel is, is daar eenparig besluit om Geskiedenis as 'n verpligte skoolvak vir alle leerlinge tot by st. X in te stel.

Die Kaaplandse afdeling van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika het hierdie konferensie georganiseer en daardie komitee verdien groot lof vir hulle belangstelling, optrede en prestasie.

Dr. J. J. van Tonder.